Die Poortpos en meer . . . .

7 Oktober 2020

Evangelienuus vir elke Montanapoorter

1999 - 2020

"Groot geword met die genadebrood van die Woord."

Liewe suster, broer en kinders,

Oktobermaand kry koers in die rigting van die einde van 2020! Dankie dat jy saam deel van elke dag met sy uitdagings en geleenthede is.

Dankie vir jou aandeel om dae mooi te maak o.g.v. jou begrip en liefde en 'n oog vir jou medemens én dat jy nie (be)-dien wil word nie maar dienskneg en diensmaagd is wat weet dat dit heerliker is om te gee as om te ontvang!

EK DANK DIE HERE VIR JOU!

Psalm 116 vers 5 vir my en jou oordenking:

"Die Here is genadig en regverdig,
ons God ontferm hom oor ons."

MONTANAPOORT SE SONDAGSAKE:

- Sondag 4 Oktober 2020 was voorwaar 'n feesontmoeting met die Here.
  DV eerskomende Sondag Groep B se "beurt" om 10h00.

GROEP A		
OUDERLINGE	**WYK**	**DIAKENS**
Luus Lucas	**BAO1**	Luus Alta
Erasmus Casper	**BAO2**	Pretorius Roua
Lubbe Willem	**BE1**	Lubbe Adelene
Minnie Jan	**DO2**	Van der Walt Leon
Boshoff Gerhard	**DW1**	Boshoff Marthie
vd Merwe Riaan	**DW2**	Van der Merwe D'Vida
Lessing Karel	**DW3**	Swanepoel Jaco
J van Rensburg Tinus	**DW5**	Hooneberg Wilhelm
J van Rensburg Leon	**M1**	Smit Gert
Coetzee Dirk	**M2**	Coetzee Joan
Booysen Herman	**M3**	Rautenbach Henk
Du Plessis Paul	**M4**	Pretorius Koos
Jones Neville	**M5**	Van Jaarsveldt Rikie
Untiedt Martin	**MO1**	Venter Hermie
Coetsee Jan	**MO2**	Cheyne Corien

GROEP B		
OUDERLINGE	**WYK**	**DIAKENS**
Van Vreden Ben	**MP1**	Frouws Deon
Van Heerden Marten	**MP2**	Le Roux Wimpie
Le Roux Eben	**P1**	Ligthelm Theo-Willem
Coetzer Johan	**P2**	
Haarhoff Nic	**P3**	Kruger Emma
Dr. Pieter Heystek	**PH**	
Diedericks Hans	**PN**	Ligthelm Pattie
Van der Walt Danie	**S1**	Vierbergen Renier
Swiegers Louis	**S2**	Jordaan Andre
(Thys de Beer)	**S4**	Joubert Bertus
Van der Walt Brand	**S5**	Wyma Adri
Le Grand Jannis	**S6**	Labuschagne Kobus
Pretorius Johan	**S7**	Cheyne Brian
Van der Walt Flip	**TR1**	Van der Walt Fransie
Van Loggerenberg Johan	**TR3**	Van der Walt Michelle
Van Niekerk Adriaan	**ZCE**	
Dr. Pieter Heystek	**ZO1**	Van Graan Retha

ONS AANVAAR MEDE VERANTWOORDELIKHEID VIR MEKAAR
M.A.W.
DINK MOOI VOOR U EREDIENS TOE KOM MET SIMPTOME VAN WATTER MEDIESE AARD OOKAL.

1. Praktiese Sondagreëlings:

1.1 Geen lidmaat voor 09h15 op die kerkterrein nie.

1.2 Protokol:

- Gesigsmaskers moet te alle tye gedra word.
- Sosiale afstand van 1.5m moet gehandhaaf word. (Gesinne uitgesluit indien u so verkies.)
- Toegang tot die kerkgebou word slegs verkry deur die hoofingang aan die noordelike kant van die kerkgebou. Moeders met klein kinders wat van die moederskamer gebruik wil maak, moet ook van hierdie ingang gebruik maak.
- Lidmate word versoek om ordelik twee rye vanuit die ingangsportaal te vorm.
- Elke lidmaat is vervolgens verantwoordelik om om sy/haar hande te saniteer, sy/haar eie temperatuur te neem en die register te voltooi (selfdiens) alvorens die kerkgebou binne gegaan word. Die nodige toerusting sal in die ingangsportaal op strategiese plekke geplaas word vir hierdie doeleindes.

3.3 Tee/koffie na die erediens:
Geen koffie en tee sal na afloop van die erediens bedien word nie tot einde Desember 2020.

3.4 Offergawes:
Geen opname van offergawes onder die erediens of na afloop van die erediens by die deure nie. Daar is groot dankbaarheid teenoor lidmate vir inbetaling van offergawes in die diakonie se bankrekening en kan daar so voortgegaan word.

3.5 Sondagkatkisasie:
Geen katkisasie na afloop van die oggenddiens nie en rus die verantwoordelikheid op ouers dat lesse gevolg word soos aangedui in die Poortpos.

3.6 Voorlopig geen aanderedienste nie.

3.7 Geen konsistorie opening nie.

LET WEL!! (Mag onderstaande in almal se behoefte voorsien.)
U ontvang steeds voorlopig elke Sondag voor 10h00 'n skakel op u selfoon om na die preek te kan luister. (Niemand word dus uitgesluit nie!)

Ons hou die Hebreërs 10:24/25 teks biddend in gedagte.

ONS ONDERLINGE MEELEWING:

- Welkom aan elkeen in Groep B by die erediens in die Stephanweg Kerkgebou, DV eerskomende Sondag om 10h00.
  Die Vroue vir Christus gee graag vir jóú 'n "welkom-terug-ietsie" na die erediens by die deur in die hand.

- **VERJAARSDAE: (7-13 Oktober) Geluk!**
  Geniet die dag! Dank die Here vir die lewe!

Oktober
7 Tommie Harbron (078 700 5098),
Allyssa Roux (082 770 6070 - ma),
Annabelle Roux (082 770 6070 - ma).
10 Ka-liré Marais (082 077 3845 - ma),
Ruben Scheepers (079 500 6116 - ma).
11 Petrus du Plessis (083 398 6664), Betsie Kleynhans (083 360 4954),
Ilse Lourens (072 458 7333).
12 Gideon Joubert (081 810 3966 - ma).
13 Marrileen Havenga (082 390 9458), Tristan Woods (076 982 4432 - ma).

- **LIDMATE WAT SIEK IS: (WAARVAN ONS BEWUS IS)**
  Ronel Roos, Hennie de Beer (083 742 8051), Adelene Lubbe (073 148 3247), Bets Blom (083 447 0406), Nell Kurpershoek, Anita Erasmus (082 374 7704), Ben van Vreden (082 553 4557) se swaer, Yvonne van der Westhuizen (076 531 0576).

Psalm 73:26

- **ONS DINK AAN:**
  → Sarie Malan (083 308 0295 - Ewoud se nommer). Sarie is gister in Mary Potter van Groenkloof Life opgeneem!
  → Lena Buys (076 041 0055) na die onlangse afsterwe van Peet.

- **SIMPATIE:**
  → Met die dood van prof. Bert Floor van die T.S.P. Dr. Pieter het vir 4 jaar in die N.T. klas aan sy voete gesit! Wat was prof. Floor nie 'n begaafde teoloog nie!

ALMANAK 2021

(Laaste besteldatum is 18 Oktober 2020)

Lidmate wat hierdie boek van die Admin Buro wil bestel (R90), moet vir die Admin Beampte per whatsapp óf per e-pos laat weet.
Selnommer: 072 980 9287
E-pos: kerkkantoor@montanapoort.co.za

Evangelisering

Cyferskuil Sendinggemeente Nuus

Ledetal tans 30 volwassenes en kinders waarvan gemiddeld 15 tot 20 volwassenes elke Sondag sedert verligting van beperking, dienste bywoon. Sedert heropening het daar drie nuwe lidmate aangesluit en 4 jongmense en ondergaan tans katkisasie. Gedurende die verskillende vlakke van beperking het sendeling David Makananisi voortgegaan met deur-tot-deur evangelisasie waar moontlik en kontak behou met gemeentelede deur middel van sosiale media.

Die "Day Care Centre" het voor vlak 5 beperking gegroei tot 10 kinders tussen die ouderdomme 2 jaar en 5 jaar en die hoop bestaan dat hulle binnekort weer sal kan begin. Hierdie kinders is hulpbehoewend en dit is hoofsaaklik 'n liefdadigheidsdiens.

Sedert inperking was daar nog nie weer samewerking met Ramotse Reformed gemeente nie.

So iets van alles

KATKISASIE:

→ **Voorskools - Gr. 7:**

- Dankie ouers en kinders. Ons is deur die jaar se lessies. Wie weet? Volgende jaar kuier ons Sondae weer lekker saam.

→ **Gr. 8-10:**

→ Sondag 40.

→ **Belydenisklas:**

- Donderdag 17h00
- Ons kamp 23-26 Oktober 2020 by Rooibank gasteplaas.

Ons wil 'n uitreik reël na Ramotse gemeente en benodig kinderklere vir kinders 6/7 jaar.
Bring groot asb kerk toe en sit dit in die voorportaal neer.
Baie dankie!

GOD SE WOORD EN JÓÚ LEWE

Oordink Matteus 5:7

"Geseënd is dié wat barmhartig is,
want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."

Die eerste opmerking by Matteus 5:7 is:

Oor (WIE) gaan dit in die evangelie?

Enkele kantaantekeninge:

→ Barmhartigheid het te doen met jóú liefde vir ander mense!
WAAROM?
Omdat jý die Here liefhet!!

→ In God se koninkryk moet jy jou hart vir mense oopmaak.

→ Lees gerus ook Lukas 6:36.

→ Barmhartigheid . . . . . dat jy jou hart, jouself deel wat baie meer is as om "goed" soos geld, kos, klere uit te deel (Nie dat laasgenoemde nie belangrik is nie.)

→ Dink só daaroor:
GOD MAAK NIE NET SY HART OOP VIR DIE WÊRELD IN NOOD NIE; HY BREEK SY HART VIR HULLE!!

→ "Barmhartigheid" is spreekwoordelik veeleisend maar ineens 'n singewende manier van lewe. Vgl. onder andere Spreuke 11:17.

→ Barmhartigheid is veel meer as 'n goeie daad hier en daar. Dit is om presies te wees:
DIE PRYSGEE VAN JOUSELF TER WILLE VAN MENSE IN NOOD!

En die belofte? (Wat 'n genade!)
Gehoorsaam (in nederigheid) aan Jesus se saligspreking SAL jy beleef hoe barmhartigheid aan jou bewys word.

Dr. Pieter Heystek
(Ook 'n Montanapoorter)